*moet word. Hierdie radius geld vir windplase, asook prospektering. Ek stel voor dat daar spesifiek kontak gemaak word deur die beskermheer van hierdie spesie in Suid-Afrika, om seker te maak daar word aan protokol voldoen. Die beskermheer van hierdie spesie sal bevestig of daar neste binne 'n 5km radius is".*

### **REPLY FROM ENVIROAFRICA**

A terrestrial biodiversity specialist has been appointed to investigate such issues and compile the required specialist report. The specialist report will be appended to the Draft Environmental Impact Report and you will be provided with the report as part of the public participation process.

### **3. Slimesdamme wat moontlik sug**

*"Daar is 'n moontlikheid dat die groot slimesdamme aan die oostekant van die gelyste pad, moontlik kan sug.*

*Hierdie sug is baie duidelik op verskeie plekke teen die kuslyn en die eKek kan in getypoele gesien word.*

*Foto 14*

*Die bewys van sug onderdeur die gelyste pad, oppad strand toe. Hierdie gelerige water loop in 'n straaltjie*

*onderdeur die pad is ook sigbaar is getypoele.*

*Hierdie moontlike probleem is onder die Department Omgewingsake se aandag gebring, en is in die voorgenome area van hierdie prospekter aansoek. Ek voel dit is nodig dat die aansoeker van hierdie probleem bewus is.*

*Baie dankie dat ek ekstra tyd gegun is om 'n bydrae te lewer"*

Vriendelike groete  
Mari Rossouw

### **REPLY FROM ENVIROAFRICA.**

Thank you for highlighting the issue of the existing slimes dams near the proposed site. The matter will be taken into consideration during the Environmental Impact Reporting phase of the application.

## Maboee

---

**From:** Mari Rossouw <admin@rosbe.co.za>  
**Sent:** Sunday, 18 February 2024 17:59  
**To:** Maboee  
**Subject:** Re: WC50/1/1/2/10454 PR  
**Attachments:** 10454 PR Fish by the Sea DraftBAR.pdf

Goeie middag Mnr Nthejane

Baie dankie vir die uitstel. Hiermee my bydrae tov die prospekteeer aansoek.

Vriendelike groete  
Mari Rossouw

---

**From:** Maboee <maboee@enviroafrica.co.za>  
**Date:** Friday, 16 February 2024 at 10:04  
**To:** 'Mari Rossouw' <admin@rosbe.co.za>  
**Cc:** 'Margaret | Enviro Africa' <info@enviroafrica.co.za>  
**Subject:** RE: WC50/1/1/2/10454 PR

Dear M. Rossouw,

EnviroAfrica will accept your comments on the application until the end of the day on 18 February 2024.

Please note that the timeframes according to which the application is being processed are legislated and so the Scoping Report has to be submitted to the competent authority by not later than 19 February 2024. If the Scoping Report is not submitted before the end of the day on 19 February 2024, the application lapses and a new application must be lodged with the application fee to be paid again.

I would like to bring to your attention that the forms that must be completed for the application and submitted to the competent authority have been written in English and EnviroAfrica does not have the authority to re-write the forms in Afrikaans.

In addition, English, IsiXhosa and Afrikaans are accepted as official languages in the Western Cape Province and so it is acceptable to issue notices for public participation on the application in any of the said languages or a combination thereof in the Western Cape Province. EnviroAfrica will consider issuing notices on the application in both English and Afrikaans from now onwards, in response to the concerns that you have raised regarding language.

I trust that you will find the above in order.

Kind regards,

**Maboee Nthejane**



EnviroAfrica cc

p: +27 21 851 1616 m: 084 037 2477

f: +27 86 512 0154

a: Unit 7, Pastorie Park, Reitz St, Somerset West 7130

P. O. Box 5367, Heiderberg 7135

w: [www.enviroafrica.co.za](http://www.enviroafrica.co.za) e: [info@enviroafrica.co.za](mailto:info@enviroafrica.co.za)



**From:** Mari Rossouw <admin@rosbe.co.za>  
**Sent:** Thursday, February 15, 2024 8:58 AM  
**To:** Maboeë <maboeë@enviroafrica.co.za>  
**Subject:** Re: WC50/1/1/2/10454 PR

Goeie more Mnr Nthejane

Ek volg net my epos van 14 Februarie op.

Sou u ons nie kan voorsien van 'n Afrikaanse dokument nie, sal ons uitstel kan kry om deur die Engelse dokument te werk asb?

Ek hoor graag van u.

Vriendelike groete  
Mari Rossouw

---

**From:** Mari Rossouw <admin@rosbe.co.za>  
**Date:** Wednesday, 14 February 2024 at 08:52  
**To:** Maboeë <maboeë@enviroafrica.co.za>  
**Subject:** Re: WC50/1/1/2/10454 PR

Goeie more Mnr Nthejane

Baie dankie vir u epos.

Ek wil egter net die volgende onder u aandag bring asb:

Na aanleiding van die "PUBLIC PARTICIPATION GUIDELINE IN TERMS OF NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT ACT, 1998 ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT REGULATIONS" uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Departement van Omgewingsake [https://www.environment.gov.za/sites/default/files/docs/publicparticipationguideline\\_intermsofnemaEIaregulations.pdf](https://www.environment.gov.za/sites/default/files/docs/publicparticipationguideline_intermsofnemaEIaregulations.pdf) en ook beskryf deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning – Provinsiale Regering van die Wes-Kaap dokument getiteld "EIA GUIDELINE AND INFORMATION DOCUMENT SE-RIES GUIDELINE ON PUBLIC PARTICIPATION" en gedateer Oktober 2011

*Section 5.9 headed Facilitation, Broadening Participation, Capacity Building & Special Needs: "The person responsible for conducting the public participation process must ensure that participation by potential interested and affected parties is facilitated in such a manner that all potential interested and affected*

*parties are provided with a reasonable opportunity to comment on the application. Appropriate participation measures should be put in place to deal with the range of cultural and language requirements of I&APs. The language used by the I&APs must be taken into account when serving a notice, selecting a newspaper, holding a public meeting and writing a report."*

Ek moet egter weer klem lê op die feit dat Engelse dokumente, vol termes wat onverstaanbaar is vir 'n leek soos ek, 'n probleem is. Ek wil graag deelneem aan hierdie proses, aangesien die aansoeker van plan is om een van die laaste stukkie ongerepte kuslyn in ons omgewing, erg te wil ontwrig.

Ek verstaan nie hoekom die onus op my moet wees om onkoste aan te gaan om eerstens by u kantoor 'n draai te kom maak sodat die dokument aan my verduidelik kan word nie. Sekerlik kan die gemeenskap in sy geheel tog nie by u 'n draai kom maak nie? Die onkoste van 'n tolk is ook problematies. Oortollige fondse word gebruik vir boerdery bedrywighede, nie soseer om tolke aan te stel nie.

Dit is belangrik dat ons weet wat hier aangaan. Een Afrikaanse dokument sal in orde wees, ek sal dit op my onkoste versprei in die gemeenskap.

Ek teken beswaar aan dat die datum van 16 Februarie 2024 die afsnydatum vir publieke kommentaar is vir hierdie aansoek, en ons nog onseker is waarom die dokument handel.

Ek hoor graag van u.

Vriendelike groete  
Mari Rossouw

---

**From:** Maboe <[maboe@enviroafrica.co.za](mailto:maboe@enviroafrica.co.za)>

**Date:** Monday, 12 February 2024 at 12:37

**To:** 'Mari Rossouw' <[admin@rosbe.co.za](mailto:admin@rosbe.co.za)>

**Subject:** RE: WC50/1/1/2/10454 PR

Beste Ms Rossouw

Dankie vir u epos

Jammer maar al die dokumente is slegs in Engels beskikbaar.

Die rede hiervoor is dat al die wetlike dokumente is in engels en die aansoek moet in engels by die Departemente ingedien word.

U is meer as welkom om u kommentare in Afrikaans te stuur en ons sal sover moontlik dit in Engels oorskryf (U Afrikaanse dokumente sal egter aangeheg word as verwysing vir korrektheid)  
U versoek sal ook ingesluit word in die "Issues & Response" verslag wat aan die Departement gestuur word saam met die Omvangsbepaalings verslag.

U is ook welkom om by ons kantore 'n draai te maak om die verslag te bespreek en onduidelikhede uit te klaar.

Voel vry om op u eie koste 'n vertaler te kry as u dit nodig ag.

Vriendelike Groete,

**Maboee Nthejane**



EnviroAfrica cc

p: +27 21 851 1616 m: 084 037 2477

f: +27 86 512 0154

a: Unit 7, Pastorie Park, Reitz St, Somerset West 7130

P. O. Box 5367, Helderberg 7135

w: [www.enviroafrica.co.za](http://www.enviroafrica.co.za) e: [info@enviroafrica.co.za](mailto:info@enviroafrica.co.za)

**From:** Mari Rossouw <[admin@rosbe.co.za](mailto:admin@rosbe.co.za)>

**Sent:** Saturday, February 10, 2024 11:13 AM

**To:** Maboee <[maboee@enviroafrica.co.za](mailto:maboee@enviroafrica.co.za)>  
**Subject:** Re: WC50/1/1/2/10454 PR

Thank you Mr Nthejane

I just want to make sure: your deadline for public participation is 16 February 2024?

Will there be a possibility of Afrikaans documents available before this date?

If not, do you advise us to get a translator ourselves? This email is send to you with the help of an English friend.

Looking forward to your reply.

Kind regards  
Mari Rossou

---

**From:** Maboee <[maboee@enviroafrica.co.za](mailto:maboee@enviroafrica.co.za)>  
**Date:** Saturday, 10 February 2024 at 10:05  
**To:** 'Mari Rossouw' <[admin@rosbe.co.za](mailto:admin@rosbe.co.za)>  
**Cc:** <[info@enviroafrica.co.za](mailto:info@enviroafrica.co.za)>  
**Subject:** RE: WC50/1/1/2/10454 PR

Dear M. Rossouw,

I hereby confirm receipt of your correspondence. You have been added to the register of interested and affected parties concerning the application for diamond prospecting with bulk sampling.

Kind regards,

**Maboee Nthejane**



**EnviroAfrica**

Environmental Management and Impact Assessment  
Omgewingsbestuur en Impakbeoordeling



EnviroAfrica cc

p: +27 21 851 1616 m: 084 037 2477

f: +27 86 512 0154

a: Unit 7, Pastorie Park, Reitz St, Somerset West 7130

P. O. Box 5367, Helderberg 7135

w: [www.enviroafrica.co.za](http://www.enviroafrica.co.za) e: [info@enviroafrica.co.za](mailto:info@enviroafrica.co.za)

---

**From:** Mari Rossouw <[admin@rosbe.co.za](mailto:admin@rosbe.co.za)>

**Sent:** Friday, February 9, 2024 8:13 PM

**To:** [info@enviroafrica.co.za](mailto:info@enviroafrica.co.za); Maboee <[maboee@enviroafrica.co.za](mailto:maboee@enviroafrica.co.za)>

**Subject:** WC50/1/1/2/10454 PR

Goeie middag Mnr Nthejane

**Aansoek om prospektering vir Deel 4 van die plaas Rietfontein uitbreiding 151 & deel 4 van die plaas Graauw Duinen 152, Vanrhynsdorp magistraat distrik (121 ha)**

**Aansoeker: Fish by the Sea**

Ek wil graag registreer as 'n belanghebbende en geaffekteerde party. Ek boer binne 'n 10km radius van die voorgestelde area wat deur hierdie prospektering geraak word.

Ek het van hierdie aansoek verneem nav die kennisgewing wat in Ons Kontrei van 12 Januarie 2024 gepubliseer is.

Ek het gedurende September 2023 geregistreer toe Mnr Klaas van Zyl die omgewingspraktisyn was. Die departement het my in kennis gestel dat die aansoeker 'n wysiging aan die aansoek bring en van omgewingspraktisyn verander het.

Ek wil graag die volgende onder u aandag bring:

- 1) Hierdie kuslyn word vir onspannings doeleindes gebruik deur plaaslike boere en gemeenskappe. Stukkies kuslyne soos hierdie is kosbaar vir die plaaslike gemeenskap omdat daar nog so min van hulle oor is – n groot deel van ons kuslyn word deur mynbou geaffekteer.
- 2) Die omgewing is oorwegend Afrikaans en ons het hulp nodig met amptelike dokumentasie in Engels wat moeilik lees en vol tegniese besonderhede is waarvan ons nie ordentlik sin maak nie. Ek stel voor dat u asseblief vir ons amptelike dokumentasie in Afrikaans ook verskaf. Afrikaanse dokumentasie sal verseker dat almal op een bladsy is, en voornemende geaffekteerde partye kan registreer en konstruktief deelnaam aan die publieke deelname proses.
- 3) Alternatiewelik, is 'n publieke vergadering 'n goeie idee. Die omgewings konsultant kan die proses kom verduidelik, in Afrikaans, en 'n professionele tolk beskikbaar stel sou u kommentare in Afrikaans ontvang. 'n Professionele tolk is ononderhandelbaar, uit vrees dat ons sentimente verkeerd geïnterpreteer en kommentare verkeerd aangehaal word.
- 4) Die plaaslike publiek wat hierdie kuslyn gebruik vir onspanningsdoeleindes, sluit ook lede in voorheen benadeelde gemeenskappe.
- 5) Daar is verskeie uitdagings waarmee ons in die streek te doen kry, oa finansies, ver grondpaaie, swak tot geen selfoon opvangs, koste van data, ongeletterdheid sowel as rekenaar ongeletterdheid. Dit is dus noodsaaklik dat u asb daarvoor voorsiening maak. Een voorstel is gedrukte kopieë, in Afrikaans, van al die relevante dokumentasie, wat sirkuleer kan word op strategiese plekke. Die dokumente in hulle huidige formaat is ontoeganklik omdat potensjiële belanghebbendes nie die fondse vir data het om dokumente af te laai nie, moontlik ook nie rekenaargeletterd genoeg om die dokumente op u webwerf te kry nie.

Ons verstaan en is bewus dat maatskappye in moderne tye amper nie hierdie konsep sal begryp nie, maar dit is ons werklikheid.

Ek sien uit na u positiewe terugvoer, asook deelname aan hierdie proses.

Vriendelike groete  
Mari Rossouw

## **WC 50/1/1/2/10454 PR**

Aansoeker : Fish by the Sea

18 Februarie 2024

Geagte Mnr Nthejane

Baie dankie vir die ekstra twee dae wat u my gegun het vir indiening. Ek kon ongelukkig nie u kantore besoek, soos voorgestel, om my te help met al die Engelse terme nie.

Ek verstaan Afrikaans, Engels en isiXhosa word erken as die Weskaap se amptelike tale. In hierdie deel van die Weskaap word feitlik net Afrikaans gepraat en ons sal dit waardeer indien toekomstige dokumente ook in Afrikaans beskikbaar gestel word.

Ons sal ook 'n Afrikaansprekende tolk waardeer by toekomstige publieke vergaderings, indien enige.

My kommentaar en besware rakende bogenoemde aansoek:

### **1. Fisiese stukkie kuslyn geormerk vir hierdie aansoek**

Ek het die stukkie kuslyn wat deur hierdie aansoek geraak word, fisies deurgery. Ek het teen die Soutrivier begin en suid gery tot waar die voorgestelde gebied eindig. Ek het u GPS koördinate gehad wat my in staat kon stel om die strande positief te identifiseer.

Die konsep BAV beskryf hoe die aansoeker te werk sal gaan in die soeke na diamante, die mates van die prospekteerslote, die keerwalle wat gestoot gaan word om die see tydens hoogwater uit te hou, die pompe, die groot masjinerie.

Die konsep BAV gee weer dat die aansoeker bestaande paaie gaan gebruik om die strande te bereik asook areas, alreeds negatief geaffekteer deur kampeerders, sal gebruik word vir storing van skeepsvragehouers, grondverskuiwingsmasjinerie, mobiele ablusie geriewe, diesel voorraad asook 'n aanleg om moontlike diamantdraende grond te sif, om 'n paar te noem.

Iewers mis ek iets. Ek verstaan nie hoe die aansoeker hierdie stukkie meestal ongerepte kuslyn wil afmaak as 'n kuslyn wat alreeds genoegsame plek bied vir die projek se parkeerareas nie, en daardeur beweer die aansoeker se voetspoor gaan niksseggend klein wees.

Hierdie stukkie kuslyn is nie so toeganklik soos wat die EAP en aansoeker beweer nie.

Ek het slegs ses (6) ingangspaaie vanaf die enkele gelyste pad af see toe gekry. Hierdie gelyste pad loop parrallel met die kuslyn en is meestal geskik vir slegs een voertuig. Daar is baie min plekke waar twee voertuie bymekaar kan verbykom. Die gelyste pad is in 'n slegte toestand, vol sinkplaat, poeierrate en slaggate. Die pad word baie deur die publiek gebruik, en is nie naastenby geskik om enige grondverskuiwingsmasjinerie te dra nie. Die pad word nie onderhou nie.






Foto 1

Die eenspoor, gelyste pad wat die aansoeker moet gebruik. Jy moet iewers van hierdie pad afdraai om by die stande uit te kom. Hierdie pad sal nie swaar grondverskuiwings masjinerie, plus die alledaagse verkeer, kan dra nie. Ek het slegs twee uittrek plekke gesien en voorsien dat die omgewing redelik beskadig sal word sou 'n masjien vir 'n voertuig moet uitswenk.

Dit is 'n klein stukkie kuslyn, meestal ongerep, neffens die massiewe Tronox myn bedrywighede aan die oorkant van die pad. Op my besoek het ek steenbok gesien, suidelike bleeksing valkies, rooi valkies, meeu, swart tobies, volstruise en een verkleurmannetjie.

Die kuslyn word hier en daar ontsier deur 'n paar twee spoor paadjies na die kus, moontlik neergelê deur die publiek op soek na kreef, asook een groot ongerehabiliteerde historiese prospektersloot met sigbare erosie (Foto 2). Daar kan moontlik nog wees, maar ek kon nie oral ry nie agv die swaar sand.



Foto 2




Foto 3

Ou prospekter sloot skade, hierdie sloot kan moontlik gebruik word om op die strand te kom

Ek kon slegs een van die ses paaie gebruik om feitlik tot by die strand te ry, in vieriel trek en laer strek.

Vier van die paaie loop dood in omdraaipekke voor die strand bereik word.

Een pad het 'n baie skerp helling af na die strand toe. Die sand is ontsettend swaar. Rotse keer af en toe dat van die strande as 'n eenheid benader kan word.

Ek heg foto's aan van die paaie.




Foto 4



Foto 5



Foto 6



Foto 7




Foto 8

Vyf van die 6 afdraaipaaie kus toe. Al vyf (5) van hierdie paaie loop dood in omdraai plekke. Om by die kus te kom, sal die aansoeker deur natuurlike omgewing moet verder ry.

Pers pyl dui die rigting van die strand aan, geel pyl wys hoe al die omdraai plekke lyk en die rooi pyl op fot 8 wys swaar sand en duin waardeur aansoeker moet ry om by die strand te kom.



Foto 9

Hierdie foto is meestal hoe dit omdraai plekke lyk voor die strand. Strand toe moet verder te voet wees.

Daar is slegs een afdraai pad waar die aansoeker die kus kon bereik het, dit is by die strand waar die prospekteersloot is. Op hierdie stukkie strand het meeu en swart tobies gesit. Die aansoeker sal die kus kan bereik, maar nie per pad nie, bloot omdat die strand groter is as die ander. Sien Foto 10, 11 en 12:




Foto 10



Foto 11



Foto 12

Foto 10: die pad draai af in die prospekter sloot in (die rigting van die prospektersloot is geel gemerk)

Foto 11: die "mond" van die prospektersloot waardeur toegang tot die strand redelik maklik gekry kan word

Foto 12: op hierdie strand was meeuë en swart tobies ('n voël wat onlangs van die IUCN rooilys verwyder is)

My beswaar is:

- a) daar is 'n wanpersepsie in die konsep BAV dokument oor hoe die aansoeker op die kus gaan kom. Die aansoeker gaan volgens wat ek waargeneem het, geensins hierdie strande bereik alvorens daar nie redelik van die natuurlike omgewing weggevat gaan word nie. Daar gaan definitief pad gemaak moet word.
- b) die strande is ontoeganklik, die aansoeker gaan 'n baie groter voetspoor los as wat in die konsep BAV weergegee word.
- c) Al die paaie, behalwe een, loop dood in omdraai plekke vóór dit by die strand kom. Die aansoeker gaan deur natuurlike, bedreigde duineveld moet ry om by die strande te kom.
- d) Ek kon geensins bewyse kry dat kampeerdere hierdie kuslyn gebruik nie. Ek kon nêrens sien waar tente of karavane opgeslaan is vir die pas afgelope Desember vakansie nie. Ek kon op een plek klippe sien wat in die parkeerarea gepak is en waarin vuur gemaak is, maar daar is nie plek vir tent of karavaan nie.
- e) Die konsep BAV is moontlik vol misleidende inligting rakende die werklike toestand van hierdie stukkie kuslyn.

Voorsien asb die GPS koördinate van die areas, alreeds geïdentifiseer in die konsep BAV, waarop die toerusting gestoor gaan word.

Voorsien asseblief die GPS koördinate van die toegangsroetes tot die strande wat geormerk is vir hierdie aansoek, aangesien daar nie paaie is na al die strande nie.

Verduidelik asseblief hoe die aansoeker op die strande gaan kom waar strande opgedeel word deur rotse.

Verduidelik asseblief hoe die aansoeker van plan is om al die magdom toerusting en aanleg op hulle plek te kry met die bestaande paaie wat strand toe lei.

Verduidelik asseblief hoe die aansoeker voorsien om die prospektersloot te grawe volgens mates, die grondverskuivings masjinerie op die strand te hê, tesame met die pompe en voertuie, plus die keerwal gaan stoot om die see tydens hoogwater uit te hou - alles op hierdie strande wat nie naastenby breed genoeg is nie, sonder om die natuurlike duineveld te verskuif / beskadig? Boonop beloof die aansoeker in die konsep BAV dat daar 'n buffer tussen bedrywighede en die duine se voet gaan wees?

Ek kan, veral na my besoek, nie sien hoe hierdie aansoek anders gaan as die totale stukkie kuslyn tot niet grawe en stoot nie. Ek kan ook nie sien dat enige spesialis 'n groen lig sal gee om hierdie afgeleë grepies strande, prys te gee vir 'n handvol diamante nie.

Ek teken ten sterkste beswaar aan dat hierdie bedreigde, sensitiewe kusomgewing onder die bus gegooi moet word vir 'n produk waar daar alreeds 'n alternatiewe produk voor bestaan, nl sintetiese diamante.

Ek vra dat die kwesbare strande die erkenning kry wat hulle bewaringstatus aan hulle verleen. Die swart tobie is van die IUCN rooilys afgehaal agv twee redes: eerstens oor die uitheemse mosselspesie wat 'n bykomende voedselbron bied, en tweedens omdat strandry verbore is en neste sodoende beter beskerm word. Hierdie voël raak tot 18 jaar oud en bly as volwasse voël, lewenslank in sy omgewing.



Foto 13

Die strand agter die duin is geormerk vir 'n prospekteesloot. Die rooi pyl dui aan waar die omdraaiplek is. Onmoontlik om te dink dat grondverskuiwingsmasjinerie oor die duine sal ry om 'n strand op te grawe.

## 2. *Circus maurus*

Daar is gevestigde neste van die hoogs bedreigde, endemiese witkruis vleivalk (black harrier) in die omgewing van die voorgenome prospekteeer aansoek. Hierdie voël broei slegs in ongerepte natuur en was die rede waarom 'n windplaas noordoos van hierdie voorgenome prospekteeer gebied afgekeur is.

Let asseblief daarop dat, volgens protokol, 'n 5km radius rondom 'n bevestigde nes as 'n *no-go* area hanteer moet word. Hierdie radius geld vir windplase, asook prospektering.

Ek stel voor dat daar spesifiek kontak gemaak word deur die beskermheer van hierdie spesie in Suid-Afrika, om seker te maak daar word aan protokol voldoen. Die beskermheer van hierdie spesie sal bevestig of daar neste binne 'n 5km radius is.

## 3. *Slimesdamme wat moontlik sug*

Daar is 'n moontlikheid dat die groot slimesdamme aan die oostekant van die gelyste pad, moontlik kan sug. Hierdie sug is baie duidelik op verskeie plekke teen die kuslyn en die effek kan in getypoele gesien word.



Foto 14

Die bewys van sug onderdeur die gelyste pad, oppad strand toe. Hierdie gelerige water loop in 'n straaltjie onderdeur die pad is ook sigbaar is getypoele.

Hierdie moontlike probleem is onder die Department Omgewingsake se aandag gebring, en is in die voorgenome area van hierdie prospekter aansoek. Ek voel dit is nodig dat die aansoeker van hierdie probleem bewus is.

Baie dankie dat ek ekstra tyd gegun is om 'n bydrae te lewer.

Vriendelike groete

Mari Rossouw

## Maboee

---

**From:** Maboee <maboee@enviroafrica.co.za>  
**Sent:** Monday, 19 February 2024 22:33  
**To:** 'Kliprand Landbouvereniging'  
**Cc:** Bernard de witt; 'kobusvisser11@gmail.com'  
**Subject:** RE: Prospekterings-aansoek WC30/1/1/2/10454PR - op gedeeltes van die Plase Rietfontein 151 en Graauwduinen 152, Vanrhynsdorpsreek - Applikant Fish by the Sea (Edms) Bpk

Dear Kobus Visser,

The trailing electronic mail correspondence that EnviroAfrica received from you on 30 January 2024, refers.  
Please note that the issues raised in your correspondence are shown in quotation marks and italics and the responses given by EnviroAfrica to the issues raised in your correspondence are shown in bold and without any quotation marks

***"1) Die mense van hierdie streek is oorwegend Afrikaanssprekend, en alle kommunikasie (dws e-posse, briewe, kennisgewings, verslae ens.) moet beslis in beide Afrikaans en Engels uitgegee word, om te verseker dat die stappe en besonderhede van die aansoek- en openbare deelnameproses korrek verstaan word, asook die gedetailleerde inhoud van dokumente soos die Basiese Asseseringsverslae en spesialisverslae, ens., ook ten volle verstaan word.***

*Vir u verwysing: op die Matzikama Munisipaliteit se webwerf [https://en.wikipedia.org/wiki/Matzikama\\_Local\\_Municipality](https://en.wikipedia.org/wiki/Matzikama_Local_Municipality) word aangedui dat - "According to the 2011 census the municipality has a population of 67,147 people in 18,835 households. Of this population, 74.7% describe themselves as "Coloured", 14.8% as "White", and 8.5% as "Black African". The first language of 91.8% of the population is Afrikaans, while 3.5% speak Xhosa and 1.8% speak English.<sup>[3]</sup>" (uitgeligte teks hierbo in rooi is my eie klem)*

**Volgens die "PUBLIC PARTICIPATION GUIDELINE IN TERMS OF NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT ACT, 1998 ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT REGULATIONS" uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Departement van Omgewingsake**

**[https://www.environment.gov.za/sites/default/files/docs/publicparticipationguideline\\_intermsofnemaEIAregulations.pdf](https://www.environment.gov.za/sites/default/files/docs/publicparticipationguideline_intermsofnemaEIAregulations.pdf)**  
en ook beskryf deur die

**Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning – Provinsiale Regering van die Wes-Kaap dokument getiteld "EIA GUIDELINE AND INFORMATION DOCUMENT SERIES GUIDELINE ON PUBLIC PARTICIPATION" en gedateer Oktober 2011**  
**Section 5.9 headed Facilitation, Broadening Participation, Capacity Building & Special Needs (die onderstaande gedeelte in rooi uitgelig is my eie klem, aangesien daar gevoel word dat dit relevant is en vir hierdie streek se landbou- en plaaslike-gemeenskap in ag geneem moet word)**

***"The person responsible for conducting the public participation process must ensure that participation by potential interested and affected parties is facilitated in such a manner that all potential interested and affected parties are provided with a reasonable opportunity to comment on the application. Appropriate***

participation measures should be put in place to deal with the range of cultural and language requirements of I&APs. The language used by the I&APs must be taken into account when serving a notice, selecting a newspaper, holding a public meeting and writing a report.”

Ons is bewus daarvan dat die dokumentasie vir aansoeke soos hierdie by die besluitnemingsowerhede in Engels ingedien word, maar die plig van die OAP om te verseker dat gemeenskappe van al die inligting in die voorkeurtal van die gebied voorsien word, asook die geleentheid om hul kommentaar in hul voorkeurtal van kommunikasie tydens die openbare deelnameproses in te dien, is onmiskenbaar en spesifiek deur die regulasies vereis”. **Noted. All future public participation notices concerning the application will be written in both English and Afrikaans.**

“2) Neem asseblief kennis dat baie mense in hierdie gedeelte van die Matzikama Munispale-streek min, swak of geen internet- en/of selfoonsein op die plase of in die kleiner dorpe het nie. Sommige van ons het Wi-Fi-toerusting by die opstalle laat installeer, maar baie ander is geleë in gebiede waar die nodige siglyn vir sulke seine dikwels nie moontlik is nie as gevolg van die terrein. Buite in die veld is selfoonseine ook dikwels baie swak of glad nie beskikbaar nie.

Daar is mense in hierdie streek wat slegs e-posse (of dokumente wat per e-pos gestuur word) op hul selfone kan ontvang en lees wanneer hulle in 'n gebied is waar daar sein is – ontvangings van korrespondensie is dus sporadies.

Baie mense het nie rekenaars of skootrekenaars nie.

Baie mense het ook nie drukkers of skandeerders beskikbaar as hulle dokumente wil druk of skandeer nie.

Weens die gebrek aan infrastruktuur en tegnologie in die omgewing is baie ook nie toegerus of vertrou met die gebruik van virtuele platforms soos Zoom vir vergaderings nie. Daarbenewens is ons Wi-Fi-seine gewoonlik nie voldoende vir WhatsApp-video-oproep op ons selfone nie, so 'n gesamentlike Zoom-tipe vergadering met hierdie toestel is ook buite die kwessie vir die groter persentasie van diegene wat op die plase woon.

Let ook daarop dat, as gevolg van die lang afstande tussen plase, die klein dorpie en die groter dorpe, die gepaardgaande koste van vervoer/reis, dat lede van ons plaaslike landelike gemeenskappe nie gereeld na die groter dorpe toe gaan waar internettoegang en selfoonseine meer beskikbaar en betroubaar is nie – die meeste van ons doen een keer elke twee tot drie weke inkopietogte na die groter dorpe Vanrhynsdorp en Vredendal, by voorbeeld. Dit beteken dat onmiddellike ontvangings van, en antwoorde op, enige korrespondensie / dokumente / inligting / kennisgewings, ens., beslis nie gewaarborg word vir 'n aantal van ons plaaslike inwoners as hulle tuis elektroniese kommunikasie beperkings het nie. Laasgenoemde is veral relevant ten opsigte van toegang tot koerante, en ten einde kennisgewings, dokumente ens. in harde-kopie format te lees, want sulke geleentheid is ongereeld.

As gevolg van die verskillende kommunikasie beperkings hierbo genoem, is hierdie gemeenskappe gewoonlik daaraan om bymekaar te kom vir vergaderings om sake van gemeenskaps- en/of streeksbelang te bespreek – dit omvat enigiets van Kerk- tot landbousake, en alles tussenin. Dit is die tradisionele manier van dinge doen hier – hierdie plaaslike gemeenskappe is klein, maar heg aan mekaar, met 'n sterk gevoel van eenheid van gemeenskap wat heers.

Openbare vergaderings op verskillende plekke sal dus beplan moet word om voorsiening te maak vir die vervoer-, afstands- en kommunikasie beperkings wat baie van die inwoners in hierdie omgewing ervaar. Sulke vergaderings sal B&GPe en hierdie plaaslike gemeenskappe in 'n groepforum omvattende inligting kan verskaf, vrae kan gevra word en mense kry ook so die kans om ander se kommentaar en opinies te hoor – dit alles kan net daartoe lei dat gemeenskapslede gemotiveer en beter toegerus word om sinvol aan die proses deel te neem, veral vir diegene wat sukkel om elektroniese kommunikasie te gebruik. Let asseblief daarop dat dit ook gepas sal wees om nie net openbare vergaderings rakende die aanvanklike kommentaar typerke te hou nie, maar ook om die gemeenskappe op hoogte te hou van die vordering van die aansoek vorentoe, asook enige verdere geleentheid vir openbare deelname wat in die toekoms mag ontstaan.



Volgens die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning – Provinsiale Regering van die Wes-Kaap dokument getiteld "EIA GUIDELINE AND INFORMATION DOCUMENT SERIES GUIDELINE ON PUBLIC PARTICIPATION" en gedateer Oktober 2011, was Afdeling 5.9 onder die hoof 'Facilitation, Broadening Participation, Capacity Building & Special Needs' (weereens, uitgeligte gedeeltes hieronder in rooi is my eie klem, synde van relevansie en vereis dus oorweging vir hierdie streek se plaaslike gemeenskappe en belanghebbendes)

*"Where I&APs include historically disadvantaged communities or people with special needs (e.g. a lack of skills to read or write, disability, or any other disadvantage), the following must, inter alia, be considered:*

- the project and public participation process could be announced on an appropriate local radio station in a local language, at an appropriate time;*
- Participatory Rural Appraisal ("PRA") and Participatory Learning and Action ("PLA") approaches and techniques could be used to build the capacity of these stakeholders to engage and participate more effectively (see references below);*
- existing community structures, committees and leaders must specifically be approached;*
- public meetings could be held at times and venues suitable to the community;*
- determine the need for separate meetings with vulnerable and marginalised groups;*
- appropriate access to information must be provided; and*
- reasonable assistance to people with special needs must be provided.*

*Ek is van mening dat as openbare vergaderings nie gehou word nie, dit gelykstaande is aan hierdie streek se mense nie die geleentheid te bied om voldoende ingelig te wees nie. In vorige, soortgelyke prosesse is geen belangstelling in Openbare Opedae getoon nie, aangesien mense verkies om gemeenskaps-sake as 'n groep te bespreek". Please note that Regulation 41 of the EIA Regulations of 2014 (as amended) does not require the Applicant nor appointed EAP to notify everybody of the application for environmental authorisation in the relevant area.*

The EIA Regulations require that written notification of the development proposal be given to Local and District Municipalities, relevant Councillors of the Ward where the proposed site is located, landowners and occupiers of land immediately neighbouring the proposed site, the landowner if the Applicant is not the landowner, relevant Organs of State and State Departments that administer a law relevant to the development proposal and that a newspaper advertisement be published in a local newspaper for a development proposal that is of local importance. However, it will be considered as the application proceeds, whether to extend the public participation beyond the said legal requirements in the upcoming Environmental Impact Reporting phase of the application.

*"3) Wanneer kennisgewings of dokumente uitgereik word vir openbare inligting en/of kommentaar, sal dit raadsaam wees om dit elektronies te doen soewel as deur bykomende kopieë in hardekopieformaat uit te reik vir verspreiding, sodat diegene wat weens die gebrek aan selfoon/internetverbinding nie groot lêers kan affaai nie, steeds betyds toegang tot die nodige inligting kan hê. Dit is van besondere belang vir gemeenskapslede wat op afgeleë plekke woon en wat slegs sporadiese besoeke aan nabygeleë dorpe of die groter dorpe in die omgewing aflê, en dus beperkte tyd en/of geleentheid het om dokumente wat by openbare plekke soos biblioteke beskikbaar is, te lees.*

**Neem asseblief kennis dat die gebruik van die posdiens in hierdie gebied nutteloos is - dit neem eenvoudig te lank om aan te kom - en dat alles wat aan B&GPe gestuur moet word, eerder gekoerier of afgelewer moet word by 'n ooreengekome sentrale punt, sodat die B&GPe dan daarvandaan dit kan gaan haal". It will be considered in the upcoming public participation process for the Environmental Impact Reporting phase of the application, where to make printed reports for the application available to the public in the area of the proposed site.**

*"4) 'n Bykomende faktor waarvan u bewus moet wees, is dat baie boere, grondeienaars en inwoners van hierdie streek uiters versigtig is vir prospekter- en mynbouaansoeke is as gevolg van historiese ervarings in die streek (sommige spruit uit so ver terug as die 1960's) waar mynmaatskappye mondelinge (en dus*



onverifieerbare) beloftes gemaak het, grondeienaars mislei het, landbou- en kuseiendomme onherstelbaar versteur het en grondeienaars in situasies gelaat was waar rehabilitasie en restituisie daarna onmoontlik was. Alhoewel baie verander het rakende die amptelike wyse waarop sulke sake deesdae hanteer word, met baie meer wigte en teenwigte wat in plek is, is dit steeds 'n kwessie wat vir 'n groot deel van hierdie gemeenskappe uiters wantroue veroorsaak". **Noted**

"5) U moet ook daarvan bewus wees dat hierdie gemeenskappe in die onlangse verlede aan verskillende prospekteringsaansoeke onderwerp was (beide kusstreke asook in die binneland), en tans nog steeds is, almal in verskillende stadiums van die amptelike tydlinke vir sulke prosesse. Hierdie ervarings, van baie gefragmenteerde, ingewikkelde en komplekse prosesse, het daartoe gelei dat plaaslike inwoners, B&GPe en leke soos ons uiters oorweldig, verward en selfs meer versigtig vir sulke sake geword het". **Noted**

**From:** Kliprand Landbouvereniging <kliprandlandbouvereniging@gmail.com>

**Sent:** Tuesday, January 30, 2024 10:35 PM

**To:** info@enviroafrica.co.za; maboee@enviroafrica.co.za

**Cc:** Kobus Visser <kobusvisser11@gmail.com>

**Subject:** Prospekterings-aansoek WC30/1/1/2/10454PR - op gedeeltes van die Plase Rietfontein 151 en Graauwduinen 152, Vanrhynsdorpstreek - Applikant Fish by the Sea (Edms) Bpk

Goeiedag Mnr Nthejane,

Registreer asseblief die Kliprand Landbouvereniging as 'n B&GP vir bogenoemde prospekterings-aansoek.

Daar is enkele items wat ek onder u aandag wil bring, soos volg:

1) Die mense van hierdie streek is oorwegend Afrikaanssprekend, en **alle** kommunikasie (dws e-posse, briewe, kennisgewings, verslae ens.) moet beslis in beide Afrikaans en Engels uitgegee word, om te verseker dat die stappe en besonderhede van die aansoek- en openbare deelnameproses korrek verstaan word, asook die gedetailleerde inhoud van dokumente soos die Basiese Asseseringsverslae en spesialisverslae, ens., ook ten volle verstaan word.

Vir u verwysing: op die Matzikama Munisipaliteit se webwerf [https://en.wikipedia.org/wiki/Matzikama\\_Local\\_Municipality](https://en.wikipedia.org/wiki/Matzikama_Local_Municipality) word aangedui dat -

"According to the 2011 census the municipality has a population of 67,147 people in 18,835 households. Of this population, 74.7% describe themselves as "Coloured", 14.8% as "White", and 8.5% as "Black African". The first language of 91.8% of the population is Afrikaans, while 3.5% speak Xhosa and 1.8% speak English." (uitgeligte teks hierbo in rooi is my eie klem)

Volgens die "PUBLIC PARTICIPATION GUIDELINE IN TERMS OF NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT ACT, 1998 ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT REGULATIONS" uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Departement van Omgewingsake

[https://www.environment.gov.za/sites/default/files/docs/publicparticipationguideline\\_intermsofnemaEIAregulations.pdf](https://www.environment.gov.za/sites/default/files/docs/publicparticipationguideline_intermsofnemaEIAregulations.pdf)

en ook beskryf deur die

Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning – Provinsiale Regering van die Wes-Kaap dokument getiteld "EIA GUIDELINE AND INFORMATION DOCUMENT SERIES GUIDELINE ON PUBLIC PARTICIPATION" en gedateer Oktober 2011

*Section 5.9 headed Facilitation, Broadening Participation, Capacity Building & Special Needs (die onderstaande gedeelte in rooi uitgelig is my eie klem, aangesien daar gevoel word dat dit relevant is en vir hierdie streek se landbou- en plaaslike-gemeenskap in ag geneem moet word)*

*“The person responsible for conducting the public participation process must ensure that participation by potential interested and affected parties is facilitated in such a manner that all potential interested and affected parties are provided with a reasonable opportunity to comment on the application. Appropriate participation measures should be put in place to deal with the range of cultural and language requirements of I&APs. The language used by the I&APs must be taken into account when serving a notice, selecting a newspaper, holding a public meeting and writing a report.”*

Ons is bewus daarvan dat die dokumentasie vir aansoeke soos hierdie by die besluitnemingsowerhede in Engels ingedien word, maar die plig van die OAP om te verseker dat gemeenskappe van al die inligting in die voorkeurtal van die voorkeurtal van die gebied voorsien word, asook die geleentheid om hul kommentaar in hul voorkeurtal van kommunikasie tydens die openbare deelnameproses in te dien, is onmiskenbaar en spesifiek deur die regulasies vereis.

2) Neem asseblief kennis dat baie mense in hierdie gedeelte van die Matzikama Munispale-streek min, swak of geen internet- en/of selfoonsein op die plase of in die kleiner dorpe het nie. Sommige van ons het Wi-Fi-toerusting by die opstalle laat installeer, maar baie ander is geleë in gebiede waar die nodige siglyn vir sulke seine dikwels nie moontlik is nie as gevolg van die terrein. Buite in die veld is selfoonseine ook dikwels baie swak of glad nie beskikbaar nie.

Daar is mense in hierdie streek wat slegs e-posse (of dokumente wat per e-pos gestuur word) op hul selfone kan ontvang en lees wanneer hulle in 'n gebied is waar daar sein is – ontvangs van korrespondensie is dus sporadies.

Baie mense het nie rekenaars of skootrekenaars nie.

Baie mense het ook nie drukkers of skandeerders beskikbaar as hulle dokumente wil druk of skandeer nie.

Weens die gebrek aan infrastruktuur en tegnologie in die omgewing is baie ook nie toegerus of vertrou met die gebruik van virtuele platforms soos Zoom vir vergaderings nie. Daarbenewens is ons Wi-Fi-seine gewoonlik nie voldoende vir WhatsApp-video-oproep op ons selfone nie, so 'n gesamentlike Zoom-tipe vergadering met hierdie toestel is ook buite die kwessie vir die groter persentasie van diegene wat op die plase woon.

Let ook daarop dat, as gevolg van die lang afstande tussen plase, die klein dorpe, die groter dorpe, die gepaardgaande koste van vervoer/reis, dat lede van ons plaaslike landelike gemeenskappe nie gereeld na die groter dorpe toe gaan waar internettoegang en selfoonseine meer beskikbaar en betroubaar is nie – die meeste van ons doen een keer elke twee tot drie weke inkopietogte na die groter dorpe Vanrhynsdorp en Vredendal, by voorbeeld. Dit beteken dat onmiddellike ontvangs van, en antwoorde op, enige korrespondensie / dokumente / inligting / kennisgewings, ens., beslis nie gewaarborg word vir 'n aantal van ons plaaslike inwoners as hulle tuis elektroniese kommunikasie beperkings het nie. Laasgenoemde is veral relevant ten opsigte van toegang tot koerante, en ten einde kennisgewings, dokumente ens. in harde-kopie format te lees, want sulke geleentheid is ongereeld.

As gevolg van die verskillende kommunikasie beperkings hierbo genoem, is hierdie gemeenskappe gewoonlik daaraan om bymekaar te kom vir vergaderings om sake van gemeenskaps- en/of streeksbelang te bespreek – dit omvat enigiets van Kerk- tot landbousake, en alles tussenin. Dit is die tradisionele manier van dinge doen hier – hierdie plaaslike gemeenskappe is klein, maar heg aan mekaar, met 'n sterk gevoel van eenheid van gemeenskap wat heers.

Openbare vergaderings op verskillende plekke sal dus beplan moet word om voorsiening te maak vir die vervoer-, afstand- en kommunikasie beperkings wat baie van die inwoners in hierdie omgewing ervaar. Sulke vergaderings sal B&GPe en hierdie plaaslike gemeenskappe in 'n groepforum omvattende inligting kan verskaf, vrae kan gevra word en mense kry ook so die kans om ander se kommentaar en opinies te hoor – dit alles kan net daartoe lei dat gemeenskapslede gemotiveer en beter toegerus word om sinvol aan die proses deel te neem, veral vir diegene wat sukses om elektroniese

kommunikasie-middele te gebruik. Let asseblief daarop dat dit ook gepas sal wees om nie net openbare vergaderings rakende die aanvanklike kommentaar tydperke te hou nie, maar ook om die gemeenskappe op hoogte te hou van die vordering van die aansoek vorentoe, asook enige verdere geleentheid vir openbare deelname wat in die toekoms mag ontstaan.

*Volgens die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning – Provinsiale Regering van die Wes-Kaap dokument getiteld "EIA GUIDELINE AND INFORMATION DOCUMENT SERIES GUIDELINE ON PUBLIC PARTICIPATION" en gedateer Oktober 2011, was Afdeling 5.9 onder die hoof 'Facilitation, Broadening Participation, Capacity Building & Special Needs' (weereens, uitgeligte gedeeltes hieronder in rooi is my eie klem, synde van relevansie en vereis dus oorweging vir hierdie streek se plaaslike gemeenskappe en belanghebbendes)*

*"Where I&APs include historically disadvantaged communities or people with special needs (e.g. a lack of skills to read or write, disability, or any other disadvantage), the following must, inter alia, be considered:*

- the project and public participation process could be announced on an appropriate local radio station in a local language, at an appropriate time;*
- Participatory Rural Appraisal ("PRA") and Participatory Learning and Action ("PLA") approaches and techniques could be used to build the capacity of these stakeholders to engage and participate more effectively (see references below);*
- existing community structures, committees and leaders must specifically be approached;*
- public meetings could be held at times and venues suitable to the community;*
- determine the need for separate meetings with vulnerable and marginalised groups;*
- appropriate access to information must be provided; and*
- reasonable assistance to people with special needs must be provided.*

Ek is van mening dat as openbare vergaderings nie gehou word nie, dit gelykstaande is aan hierdie streek se mense nie die geleentheid te bied om voldoende ingelig te wees nie. In vorige, soortgelyke prosesse is geen belangstelling in Openbare Opedae getoon nie, aangesien mense verkies om gemeenskaps-sake as 'n groep te bespreek.

3) Wanneer kennisgewings of dokumente uitgereik word vir openbare inligting en/of kommentaar, sal dit raadsaam wees om dit elektronies te doen sowel as deur bykomende kopieë in hardekopie-formaat uit te reik vir verspreiding, sodat diegene wat weens die gebrek aan selfoon/internet-verbinding nie groot lêers kan aflaai nie, steeds betyds toegang tot die nodige inligting kan hê. Dit is van besondere belang vir gemeenskapslede wat op afgeleë plekke woon en wat slegs sporadiese besoeke aan nabygeleë dorpe of die groter dorpe in die omgewing aflê, en dus beperkte tyd en/of geleentheid het om dokumente wat by openbare plekke soos biblioteke beskikbaar is, te lees.

Neem asseblief kennis dat die gebruik van die posdiens in hierdie gebied nutteloos is - dit neem eenvoudig te lank om aan te kom - en dat alles wat aan B&GPe gestuur moet word, eerder gekoerier of afgelewer moet word by 'n ooreengekome sentrale punt, sodat die B&GPe dan daarvandaan dit kan gaan haal.

4) 'n Bykomende faktor waarvan u bewus moet wees, is dat baie boere, grondeienaars en inwoners van hierdie streek uiters versigtig is vir prospektee- en mynbou-aansoeke is as gevolg van historiese ervarings in die streek (sommige spruit uit so ver terug as die 1960's) waar mynmaatskappye mondelinge (en dus onverifieerbare) beloftes gemaak het, grondeienaars mislei het, landbou- en kuseiendomme onherstelbaar versteur het en grondeienaars in situasies gelaat was waar rehabilitasie en restitusie daarna onmoontlik was. Alhoewel baie verander het rakende die amptelike wyse waarop sulke sake deesdae hanteer word, met baie meer wigte en teenwigte wat in plek is, is dit steeds 'n kwessie wat vir 'n groot deel van hierdie gemeenskappe uiters wantroue veroorsaak.

5) U moet ook daarvan bewus wees dat hierdie gemeenskappe in die onlangse verlede aan verskillende prospekteringsaansoeke onderwerp was (beide kuslanks asook in die binneland), en tans nog steeds is, almal in verskillende stadiums van die amptelike tydlyn vir sulke prosesse. Hierdie ervarings, van

baie gefragmenteerde, ingewikkelde en komplekse prosesse, het daartoe gelei dat plaaslike inwoners, B&GPe en leke soos ons uifers oorweldig, verward en selfs meer versigtig vir sulke sake geword het.


Vriendelike groete

Kobus Visser

082 923 8041

Subkomitee: Omgewing & Gemeenskap - Voorsitter

*Voorkeur metode van kommunikasie - E-pos asseblief*



Posbus / P O Box 47

